# 9 *Maandag*

**SKRIFGEDEELTE: HANDELINGE 9:36-43**
**FOKUSGEDEELTE: HANDELINGE 9:36**

**Tabita – Vertel die evangelie ook met jou dade!**

Ons leef in die eeu van kommunikasie-ontploffing. Daar is soveel nuwe maniere wat ontdek word hoe om kommunikasie te verbeter. ’n Eeue-oue beproefde manier is ook daadkommunikasie. Tabita (takbok-ooi)het die evangelie met dade oorgedra. Sy word ’n dissipelin genoem. Haar barmhartigheidswerke was geloofswerke. Sy het só God se liefde in die gemeenskap laat skitter. Sy het goed gedoen teenoor ander en veral armes gehelp. Sy het veral na die noodlydende weduwees in haar omgewing omgesien. Sy het vir hulle verskillende soorte klere gemaak. Hulle kon dit nie self bekostig nie.

Daar word niks verder van Tabita gesê dat sy ’n groot orator was en met haar woorde mense beïnvloed het nie. Tog het sy die evangelie baie effektief aan ander in haar gemeenskap oorgedra – selfs na haar dood! As Petrus genader word om na Joppe te kom nadat Tabita gesterf het, wys die weduwees aan hom wat sy alles vir hulle gemaak het. Hulle mis haar. Hulle mis haar liefde en omgee. Hulle mis haar goeie werke. Deur haar barmhartigheidswerke het hulle van God se liefde en barmhartigheid bewus geraak. Tabita het die gemeenskap laat besef dat sy vir ’n God werk wat omgee vir ander in nood.

Nie almal van ons is baie welsprekend nie. Ons hoef ook nie te wees nie. Ons kan die evangelie ook op ander maniere uitdra. Ons kan deur ons goeie dade God se groot genade en liefde in Christus uitdra. Ons kan verseker wees dat daardie boodskap baie duidelik na ander toe sal deurkom. Kom ons lê ons daarop toe om die evangelie ook so in die toekoms te versprei. Kom ons raak betrokke waar daar nood is.

Kom ons doen goeie dinge in ons gemeenskap. Dit is ’n kragtige manier om mense na God toe te roep!

*Sing: Skrifberyming 9-3:1, 2 of Lied 530:1, 2, 3*

*Ds. HG (Garrie) Schutte (Suidkus)*